

# **'n Onderzoek na die benutting van 'n ontwikkelingsbatesraamwerk vir 'n meer volhoubare kinderbediening**

Viola Jo-Anne Fransman

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes  
vir die graad Magister in Praktiese Teologie (Jeugwerk)  
aan die Universiteit van Stellenbosch

**Studieleier: Dr. A. Cloete**

**Medestudieleier: Dr. J. Grobbelaar**

**Fakulteit Teologie**

**Departement van Praktiese Teologie en Misiologie**

**Maart 2013**

































































































kinderbediening aangepas en/of ontwerp word vir die groep mense wat besluit wie en hoe die model gebruik gaan word, die mense wat in die meeste gevalle ook die eindgebruikers van die model sal wees.

## **Raamwerk**

Die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT) beskryf 'n raamwerk as 'n omhulsel of 'n skelet van 'n vaste voorwerp (Odendal en Gouws 2005:906). Kinderbediening vind altyd plaas binne struktuur of raamwerk (Rainer & Geiger in De Vries 2008:52). Hierdie raamwerk is as't ware 'n beskrywing van die tipe kinderbediening wat gebruik word. Die keuse van 'n raamwerk of model berus by die gebruikers daarvan. Vir die doel van hierdie studie word die begrip raamwerk gebruik, om aan te sluit by die Search Institute se raamwerk van veertig ontwikkelingsbates. Hierdie veertig bates is die uitkoms van dekades van navorsing en word so gerangskik en gekategoriseer dat dit as raamwerk kan dien wat enige iemand in enige konteks behoort te kan gebruik. Hulle beskryf die bates as "positiewe ervarings, positiewe verhoudings en kwaliteite, wat deur elkeen gebruik kan word om in die lewens van kinders en jeug te bou" (Search Institute 2010).<sup>3</sup> 'n Meer omvattende beskrywing van die raamwerk van die veertig ontwikkelingsbates volg in hoofstuk 3.

### **2.4.1 Bedieningsmodelle**

Grobbelaar (2008:145) onderskei tussen vier bedieningsmodelle wat hy dan aanwend om verskillende tipes eredienste te beskryf. Alhoewel hy die modelle spesifiek op die erediens van toepassing maak, reflekteer die denkwyse agter elkeen ook die gemeente se algemene houding oor kinderbediening, en daarom word hulle vervolgens gebruik as modelle om verskillende tipes kinderbediening te beskryf.

#### **2.4.1.1 Bedieningsmodel 1: Ignorering en miskenning**

Binne hierdie model word kinders gesien, maar nie gehoor nie (Grobbelaar 2008:146). Hulle is teenwoordig in die gemeente se eredienste en ander aktiwiteite, maar word nie raakgesien nie. Binne die model leef die gemeente hul aktiwiteite, eredienste en aksies uit sonder om die kinders wat teenwoordig is, in ag te neem. Dit is moontlik dat die

---

<sup>3</sup> Hierdie aanhaling uit die webwerf van die Search Institute is 'n vertaling. Die oorspronklike Engelse teks is:

























































































































































































































































































